Lewensorientering Graad 9

By:
Siyavula Uploaders

Lewensorientering Graad 9

By:
Siyavula Uploaders

Online:
< http://cnx.org/content/col11064/1.1/ >

C O N N E X I O N S

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/).
Collection structure revised: September 15, 2009
PDF generated: October 29, 2012
For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 65.

Table of Contents

1 Kwartaal 1
1.1 Die menslike brein ... 1
1.2 Die inwin van inligting ... 4
1.3 Om te dink ... 5
1.4 Kreatiewe denke ... 6
1.5 Meer oor die brein ... 9
1.6 Probleemoplossing ... 11

2 Kwartaal 2
2.1 leerstyle ... 13
2.2 Persoonlikheidseienskappe ... 16
2.3 Belangstelling ... 19
2.4 Aanleg ... 22
2.5 Waardes ... 24
2.6 Geleenthede in die werkplek ... 26
2.7 Regte en verantwoordelikhede in die werkplek ... 27
2.8 'n Eie plan vir lewenslange leer ... 29
2.9 Opleidingsinstansies ... 30

3 Kwartaal 3
3.1 Onderskeid tussen fiksheidspeil en bewegingsvermoe ... 35
3.2 Om jouself in terme van jou fiksheidspeil te assesseer ... 36
3.3 Assessering van bewegingsvermoe ... 39
3.4 Ontwerp 'n hindernisbaan ... 43
3.5 Verbetering van liggaamlike bewegingsvermoe ... 45

4 Kwartaal 4
4.1 Keuse van 'n persoonlike dieet ... 47
4.2 Beplan 'n omgewingsgesondheidsprogram ... 51
4.3 Gesondheidsinligtingsbronne, -dienste en behandelingsopsies ... 53
4.4 Sake rakende gemeenskapsregte en persoonlike voorkeure ... 56
4.5 Plaaslike viering van 'n nasionale dag ... 58
4.6 Sosiale verhoudings binne verskillende situasies ... 60
4.7 Diversiteit in SA en die aanmoediging van interkulturele begrip ... 62
4.8 Bydraes van verskillende geloofs- en godsdiensgroepe tot vrede ... 64

Attributions ... 65

Chapter 1

Kwartaal 1

1.1 Die menslike brein[1]

1.1.1 LEWENSORIËNTERING

1.1.2 Graad 9

1.1.3 DENKVAARDIGHEDE

1.1.4 Module 1

1.1.5 DIE MENSLIKE BREIN

KOPSTUKKE!

Die menslike brein is wonderlik en meer ingewikkeld as die mees moderne rekenaar. Die brein werk elke oomblik van elke dag. Dit ontvang en verwerk al die inligting wat jy van die wêreld rondom jou ontvang d.m.v. jou sintuie.

Jou sintuie stuur 'n vloed inligting na die brein. Alles wat jy sien, hoor, proe, ruik, voel word betekenis aan gegee in die brein. Jou brein sorteer, dink, onthou, skep, vergelyk, beplan, werk aan oplossings - selfs wanneer jy slaap.

Jou kosbare brein "dryf" binne jou skedel in 'n vloeistof wat dit beskerm teen stampe en ander beserings. Verder is die brein ook omhul deur drie lae beskermende weefsel. As jy jou brein uitmekaar sou haal, sal jy drie hoofdele herken: die twee hemisfere (linker en regterdele van die brein), die cerebellum en die breinstam wat die brein verbind met die ruggraat.

As jy die oppervlakte van die brein sou bekyk onder 'n kragtige mikroskoop, sal jy grysstof vol senuweeverbindings sien. Hierdie grysstof is verbind met senuselle vanoor jou hele liggaam. So word die boodskappe van en na jou brein gestuur. Die brein bevat 10 biljoen senuselle - en dit is maar 'n tiende van die brein se selle! Dit laat rekenaars maar primitief lyk, nè?

Kopkrapper

Omkring die woorde wat na die brein en sy funksies verwys in die woordblok.

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29115/1.1/>.

S	E	N	U	W	E	E	S	X	B	R	Q
E	X	U	I	E	N	E	I	C	R	V	B
L	Z	W	T	E	I	N	N	V	E	E	P
L	A	E	E	F	G	V	T	Y	I	U	T
E	B	I	R	S	X	O	U	Z	N	N	E
X	C	D	S	E	V	U	I	X	S	K	A
Y	Z	E	O	L	C	D	E	Y	T	T	S
C	E	R	E	B	R	U	M	X	A	S	A
C	E	R	E	B	E	L	L	U	M	M	S
G	R	Y	S	S	T	O	F	O	P	S	W

Table 1.1

Psst! Daar is ook woorde wat niks met die leesstuk te doen het nie.

LEES VERDER...

Baie mense het 'n regter- of linkerbrein voorkeur. Hulle dink op 'n sekere manier en dit hou natuurlik implikasies in vir die wyse waarop mense leer. Die regterhemisfeer is die setel van dagdrome, verbeelding, ritme, kleur, ruimtelike waarneming en die geheelbeeld wyse waarop hulle leer. (Ons sal meer hiervan leer wanneer ons by leermetodes kom.)

Die regterhemisfeer is die setel van dagdrome, verbeelding, ritme, kleur, ruimtelike waarneming en die geheelbeeld.

Die linkerhemisfeer is die setel van logika, woorde, getalle, lyste, volgorde en analise.

'n Studiemetode soos die teken van breinkaarte help 'n mens om albei hemisfere te betrek by die leerproses, wat die proses dan meer effektief maak.

Is jy linker - of regterbrein dominant? Hoe weet 'n mens?

Hier is 'n paar vrae wat vir jou 'n idee kan gee. Dit is glad nie 'n gestandaardiseerde toets nie, en gee slegs 'n aanduiding.

1.	Jy verkies om uit jou handboek of onderwysersnotas te leer.	Ja		Nee
2.	Jou notas is netjies en genommer.	Ja		Nee
3.	Jy leer beter deur direkte ondervinding.	Ja		Nee
4.	Jou notas is in die vorm van breinkaarte, tekeninge en sketse.	Ja		Nee
5.	Jy verkies om die hele storie te hoor voordat die feite regtig vir jou sin maak.	Ja		Nee

Table 1.2

Indien jy "ja" geantwoord het op die eerste twee vrae en "nee" op die res, is jy moontlik linkerbrein dominant. Indien jy "nee" geantwoord het op die eerste twee vrae en "ja" op die res, is jy moontlik regterbrein dominant.

Dit gebeur dikwels dat mense wat regterbrein dominant is, wat kreatief van aard is en wat ongeorganiseerd voorkom, swaar kry in skole wat ontwerp is vir linkerbreiners wat metodies van aard is. Dit is baie belangrik dat regterbreiners hulle werk kan organiseer en dat linkerbreiners werk aan soepeler denke en aan hul kreatiewe vermoëns.

Ons gaan oefeninge doen wat albei kante van die brein sal stimuleer en sodoende jou denke meer effektief en kreatief maak.

Die begin van die kursus mag dalk 'n bietjie teoreties voorkom, maar dis maar net agtergrondinligting. Soos die kursus vorder, sal die werk meer prakties van aard word.

	LU 3.4			

Table 1.3

1.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
• 3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer. • 3.4 verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin; • 3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.4

1.2 Die inwin van inligting[2]

1.2.1 LEWENSORIËNTERING

1.2.2 Graad 9

1.2.3 DENKVAARDIGHEDE

1.2.4 Module 2

1.2.5 DIE INWIN VAN INLIGTING

DIE INWIN VAN INLIGTING

Jy gebruik jou **sintuie** om inligting te verkry. Dis jou vermoë om te sien, te hoor, te ruik, te proe en jou tassintuig (vat/voel). Die brein verwerk hierdie inligting en stuur dan die nodige boodskappe na jou liggaam om te reageer op die inligting.

Het julle al gehoor mense praat van 'n sesde sintuig? Dis jou intuïsie, daardie insig of gevoel wat jy kry oor 'n situasie of 'n sekere persoon. Het jy iemand al hoor sê, "Ek weet nie wat dit is nie, dit voel net nie vir my reg nie." Of "Die oomblik toe ek dit gesien het, het ek net geweet...". Hierdie sesde sintuig is iets wat ons almal het en waaraan ons nie genoeg aandag gee nie. Meestal sê mense dat vrouens se sesde sintuig fyner ontwikkel is as diè van mans. Wat dink julle?

Wat van "common sense", of gesonde verstand dan? Die manier waarop sekere mense net weet hoe en wanneer om iets te doen. Het dit te doen met logiese denke? Sal ons dit vertaal met "gesonde verstand of goeie oordeel"? In elk geval, dis die manier om situasies reg te hanteer en is dalk meer die produk van denke as wat dit 'n "sintuig" is.

Kom ons kyk hoeveel "common sense" jy het!

Watter sintuie sal jy gebruik as jy:

reukwater gaan koop?
na 'n musiekkonsert gaan luister?
gaan uiteet?
klere gaan koop?
'n maat wil kies?
'n besige straat moet kruis?
televisie kyk?
onderrig ontvang?

Table 1.5

Was jy wakker genoeg om te sien dat elke handeling meer as een sintuig betrek? Indien nie, gesels met jou leerkrag daaroor. Hy of sy kan vir jou verdere insig gee.

[LU 3.3]

Met die pen

Het jy al 'n situasie beleef waarin jou sesde sintuig sterk op die voorgrond getree het? Skryf die storie kortliks neer. Indien jy nog nie self so iets beleef het nie, gaan vra rond vir so 'n storie en skryf dit dan neer. Jy kan gerus kleur en tekeninge gebruik om jou storie 'n bepaalde atmosfeer te gee.

Daarna...

Lees jul stories vir mekaar of vir die hele klas. Besluit dan hoeveel aandag aan 'n mens se sesde sintuig gegee behoort te word en motiveer dit kortliks.

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29118/1.1/>.

Ek voel ...
[LU 3.3]

1.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer.
3.4 verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin;
3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.6

1.3 Om te dink[3]

1.3.1 LEWENSORIËNTERING

1.3.2 Graad 9

1.3.3 DENKVAARDIGHEDE

1.3.4 Module 3

1.3.5 OM TE DINK

COGITO ERGO SUM (EK DINK DAAROM IS EK)

Indien jy aan iemand moes verduidelik wat dit beteken om "te dink", wat sou jy sê?

Baie mense redeneer dat denke natuurlik kom, soos asemhaal of loop. Ja, dit is deels so. Maar alle mense loop of hardloop nie ewe vinnig nie. 'n Kleuter kruip, leer loop, hardloop en spring. 'n Geoefende en fikse atleet sal vinniger hardloop en hoër spring as iemand wat nooit probeer of nie oefen nie. Dis ook so met jou denke. 'n Mens kan jou natuurlike aanleg verbeter deur oefening - en deur denkoefeninge in te oefen.

Hoe goed of effektief jy kan dink, hang van verskeie faktore af. Een ding is seker, die kennis van en bemeestering van denkvaardighede sal jou denke verskerp en verbeter. Vergelyk die gebruik van denkvaardighede met die gebruik van 'n bril, 'n verkyker, 'n teleskoop en 'n mikroskoop. Hulle het verskillende funksies, maar almal help jou om beter te kan sien.

'n Baie eenvoudige manier om "te dink" te beskryf, kan wees om te weet en te verstaan. Maar om te kan dink, behels veel meer. Wat van die vermoë om jou kennis te gebruik, verbande tussen goed in te sien, die vermoë om te skep...?Ek kan my nie eintlik 'n wêreld sonder denke voorstel nie. Kan jy?

Om te doen:

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29120/1.1/>.

Ons gaan 'n "wat sou gebeur as"-oefening doen. Julle kan dit ook 'n "hoe sou dit wees as" oefening kan noem. Hierdie tipe oefening vereis dat elkeen sy verbeelding vrye teuels gee sonder om bekommerd te wees oor te veel logika. Hierdie oefening stimuleer jou regterbreinfunksies en help jou om jou kreatiewe vermoëns te ontwikkel.

Onderwerp: Wat sou gebeur as almal van dieselfde goed gehou het.

- Wenke

- Stel 'n tydsduur vas (5 tot 7 minute).
- Iemand skryf die idees vinnig neer (besluit voor julle begin).
- Niemand kritiseer enige idees nie, al is dit hoe laf.
- Laat die idees vloei sonder om dit eers te bespreek.Jy mag iemand se idee oorneem en daarop uitbrei.

[LU 3.6]

1.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer.
3.4 verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin;
3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.7

1.4 Kreatiewe denke[4]

1.4.1 LEWENSORIËNTERING

1.4.2 Graad 9

1.4.3 DENKVAARDIGHEDE

1.4.4 Module 4

1.4.5 KREATIEWE DENKE

Die belangrikste ding wat jy moet onthou is dat denke nie altyd "reg of verkeerd" is nie. Dit is so dat feite korrek moet wees, maar dit wat jy met feite kan maak, dit is 'n ander storie. Ons is tog almal so bang

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29133/1.1/>.

om "verkeerd" te wees en anders te dink as ons maats of onderwysers. Dis belangrik dat ons die vermoë ontwikkel om lateraal te dink. Laterale denke is wyer denke as "reg of verkeerd" denke. Hierdie tipe denke help ons om planne te maak, aan alternatiewe te dink, ens.

Kom ons doen dit weer:

Kies een van die volgende *"wat sou gebeur as..."*- onderwerpe:

- Hoe sou dit wees indien alle vensters van plastiek was en nie glas nie?
- Wat sou gebeur indien almal sewe vingers aan elke hand gehad het?

- Ek daag jou uit om wyd te dink!

- **Skryf van die beste idees neer.** Kikker die idees op met sketse, kleur, woordspeling, ens.

[LU 3.6]

LAAT DIE IDEES ROL!

Hierdie afdeling gaan oor die ontwikkeling van jou kreatiewe denkvermoëns.Baie mense dink aan 'n kreatiewe persoon as iemand wat mooi kan teken, skilder of skryf. Dis veel meer as dit.

Kreatiwiteit beteken om te kan skep, om iets nuut en oorspronklik uit te dink en om ou goed en inligting op nuwe en anderse maniere te kan gebruik en uit te druk.

Die "hoe sou dit wees as..."-oefeninge is voorbeelde van hoe ons ons kreatiewe "spiere" kan oefen.

- Hierdie volgende faktore moet in ag geneem word indien jy jou kreatiewe vermoëns wil verskerp:

- kyk na iets op 'n ander manier
- ongewoon
- oorspronklik
- dit laat my dink aan... (assosiasie)
- moenie te gou 'n oordeel vel nie (rigiede denke)
- kyk na vorm en funksie
- gebruik sin vir humor

Kom ons skud ou spinnerakke uit ons koppe uit!

Binne agt sekondes (sonder om dit vooraf te bespreek):

a) Verdeel 'n vierkant in vier

b) Deel 'n agt in twee

- Het almal dit op dieselfde manier gedoen? **Ja** / **Nee**
- Hoeveel verskillende maniere was daar om a) te doen?

- Wat sê die eintlike instruksie vir b)?

- Sou jy dit anders aanpak as jy weer 'n kans sou kry? **Ja** / **Nee**

Het ou gewoontes 'n rol gespeel in die antwoorde wat jy gegee het? Ek wed jou daar is baie leerders wat "gegooi" was deur hierdie eenvoudige opdragte.

[LU 3.6]

LEES VERDER...

As jy wil leer om 'n kreatiewe denker te wees, moet jy onthou dat dit belangrik is om nie te gou 'n oordeel oor iets te vel nie. Moenie vooraf klaar besluit nie, bv. die vierkant moet op hierdie wyse verdeel word nie,

of agt gedeel deur 2 = 4. Deel 'n agt in 2 is dalk iets heel anders: 8 of 8. Dink aan alternatiewe vir die ooglopende.

Om jou verbeelding te prikkel

Kyk na die gegewe vorms. Dink aan 'n voorwerp of prent wat jy kan teken met hierdie vorm as deel van jou eie skepping. Gee elkeen 'n titel en skryf 'n kort verduideliking of storie van nie meer as 100 woorde nie van elk.

KOPKRAPPERS

- Kyk verby die ooglopende.
- Hierdie oefening vra vir laterale denke (blaai terug om seker te maak jy onthou wat dit beteken).

Antwoord hierdie kopkrappers

1. Hoeveel albasters kan jy in 'n leë sak inkry?
2. Wat begin met 'n T, eindig met 'n T en is vol T ?
3. Neem 'n woord met 6 letters, verwyder, 3 en kry 1.
4. Wat is daar wat iemand moet neem voordat jy dit kan kry?
5. Kruis 'n baba kat met iets wat by 'n koppie hoort en iets ruik tog te lekker?
6. Nikswerd persoon.
7. Hoeveel keer kan jy 20 van 100 aftrek?
8. Hoekom eet die Sjinese mans meer rys as die Japannese mans?
9. Wat is die twee goed wat jy nooit vir ontbyt kan hê nie?
10. Wat eet Italiaanse spoke vir ete?

[LU 3.6]

1.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer.
3.4 verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin;
3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.8

1.5 Meer oor die brein[5]

1.5.1 LEWENSORIËNTERING

1.5.2 Graad 9

1.5.3 DENKVAARDIGHEDE

1.5.4 Module 5

1.5.5 MEER OOR DIE BREIN

MEER OOR DIE BREIN...

'n Sekere Roger Sperry het die Nobel Prys gekry vir sy bewyse rondom die "split brain"-teorie. (Die "gesplete brein"-teorie werk nie vir my nie, ook nie die "halwe brein"-teorie nie. Wat sal ons dit noem? Mm.. die twee hemisfere en hul funksies... te lank. 2HS + F? Daar's vir jou 'n afkorting!) Volgens Dr Sperry het die twee hemisfere van die brein verskillende, maar oorvleuelende funksies. Elkeen van die hemisfere spesialiseer in verskillende tipes denkprosesse.

Wees geduldig. Daar is allerhande interessanthede. Hy sê dat die linkerkant van die brein die regterkant van die liggaam beheer by 95% van alle regshandiges. Die linkerkant is dan verantwoordelik vir praktiese, lineêre, verbale en rasionele denke. Hy sê dat die funksies by die meeste linkshandiges omgekeerd is.

Dis 'n linkerbreinfunksie om jou tjekboek te balanseer (hello daar, rekenmeesters en finansiële reuse), om name en datums te onthou (aandag, geskiedenisgenieë) en om doelstellings daar te stel. Die meeste van ons konsepte van denke het van die ou Grieke gekom, en word so makliker in ons onderwysstelsel beloon.

Die regterhelfte (hemisfeer) beheer die linkerkant van die liggaam en is holisties (soek die woord op!), verbeeldingryk, nie-verbaal en kuns-gerig. Wanneer jy dagdroom, sekere gesigte en tonele herroep en regtig verdiep is in 'n goeie stuk musiek, is jou regter hemisfeer aan die werk.

'n Opname

1. Hoeveel leerders in die klas is a) regshandig b) linkshandig?
2. Hoeveel van die linkshandiges voel dat hulle benadeel word wanneer hulle algemene huishoudelike artikels soos groenteskillers en skêre moet hanteer? Kan jy die antwoord in % uitdruk?
3. Kan jy enige afleiding uit die gegewens hierbo maak? (Linkerbreinaktiwiteit)

- " If the brain is a computer, then it is the only one that runs on glucose, generates 10 watts of electricity and is manufactured by unskilled labour." (David Lewis)[LU 3.6]

HEELBREIN-FUNKSIONERING

Om probleme te takel op 'n effektiewe en kreatiewe manier, vereis die werking van beide hemisfere van die brein. Met ander woorde, ons benodig beide die verbeeldingsryke, kreatiewe regterkant, sowel as die logiese en rasionele linkerkant om 'n probleem op te los. Kom ons deel die probleemoplossingsproses in stappe op om te kyk hoe dit werk.

1. Wat is die regte probleem?	Hierdie taak vra vir die logiese, analitiese denke wat die linkerhemisfeer se werk is.
2. Watter moontlikhede en alternatiewe is daar?	Hier moet daar na baie verskillende en kreatiewe moontlikhede gekyk word - die werk van die regter-hemisfeer.
	continued on next page

[5]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29131/1.1/>.

3. Watter idees kan werk? (Stel kriteria)	Terug na die logiese en analitiese linkerkant.
4. Hoe beplan ek om my oplossing te laat werk?	Logika en kreatiewe denke hier, asook die vermoë om stapsgewys te beplan (linkerbrein).
5. Hoe kan ek ander oortuig?	Heel waarskynlik benodig ons hier verskillende vermoëns: logika, oorredingsvermoë en goeie kommunikasievaardighede.

Table 1.9

- Al die verduidelikings beteken nie veel sonder inoefening nie. Geniet die inoefening van 'n nuwe en waardevolle vaardigheid.

- O ja, hoe weet ons of ons planne enige moontlikhede het, of werkbaar is? Ons stel sekere **kriteria** daar, soos:

- Hoeveel sal dit kos?
- Wie sal en kan dit doen?
- Hoeveel tyd gaan dit neem?
- Is dit regverdig teenoor almal?

- Die leerkrag mag julle vra om in **kleiner groepe** te werk. Onthou om:

- die stappe in die tabel te volg
- na mekaar te luister
- mekaar se verskillende opinies te respekteer
- die tydsbeperking in gedagte te hou

1.5.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
continued on next page

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer.
3.4 verduidelik wat uit ‘n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin;
3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in ‘n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.10

1.6 Probleemoplossing[6]

1.6.1 LEWENSORIËNTERING

1.6.2 Graad 9

1.6.3 DENKVAARDIGHEDE

1.6.4 Module 6

1.6.5 PROBLEEMOPLOSSING

VAN VOOR BLINK, MAAR VAN BINNE STINK!

(’n Uittreksel uit "Skolenuus", ’n koerant wat landswyd versprei word)

Ek moes ’n pakkie boeke by ’n bekende skool in ’n redelik gegoede woonbuurt gaan afgee. Die skool se buitekant was indrukwekkend: pure pilare, groot vensters en swaar deure. Die groot vensters het nie in die son geskitter nie. Die leë koeldrankblikkies op die vensterbanke het wel! Die vensters was vuil en vol vatmerke. Binnekant het hierdie neiging voortgeduur. Die trappe was vuil en versier met leë blikkies, plastieksakkies, taai lekkergoedpapiere. Dit was stowwerig en van die afval en merke het gelyk asof hulle ou burgers daar was. Binne die klas waar ek die boeke moes afgee, het die tafels sonder plan rondgestaan en party stoele het op hul sye gelê. Die vloer was weer eens versier met stukkies afvalpapier en leë plastieksakkies. Van die stoele was stukkend en van die tafels was bekrap met allerhande slagspreuke en obsene woorde. Ek het my pakkie neergesit en gewonder of die toestand van die plek die toestand van die mense wat hierdie plek gebruik se gedagtes weerspieël?

(Brief verkort - Red.)

Jou beurt!

Wat nou? Nou is dit julle beurt om die stappe te volg om te sien of julle met werkbare oplossings kan help om die probleem hierbo op te los.

1. Wat is die regte of werklike probleem?
2. Watter moontlikhede en oplossings is daar?
3. Watter idees mag werk? (Watter kriteria word gebruik?)
4. Wat is die plan?

Hier behoort die volgende vrae beantwoord te word:

- Wie gaan wat doen?
- Wanneer gaan wat gedoen word?
- Hoe gaan die onkostes gedek word?

[6] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29132/1.1/>.

- Hoe sal ons weet dat die plan 'n sukses was?

5. Hoe gaan ons ander oortuig?(Dis belangrik om die samewerking van ander mense te hê.)
Daarna...
Deel al die idees met mekaar. Is daar enige idees wat julle by julle betrokke skool kan gebruik?
[LU 3.6]

1.6.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.3 gepas op emosies in uitdagende situasies reageer.
3.4 verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin;
3.6 eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities evalueer.

Table 1.11

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 leerstyle[1]

2.1.1 LEWENSORIËNTERING

2.1.2 Graad 9

2.1.3 MY LOOPBAAN VORENTOE

2.1.4 Module 7

2.1.5 LEERSTYLE

Soorte leerstyle

Een van die eerste dinge wat vir ons vertel watter soort mens ons is, is die voorkeur (styl) wat ons het ten opsigte van hoe ons leer. As jy weet watter leerstyl jy verkies, kan jy maniere ontwikkel om te kompenseer vir jou swakhede en jou sterk punte te ontwikkel.

Leerstyle is dus bloot verskillende benaderings tot leer.

1. Visuele leerders

- Leer deur te sien
- Wil die onderwyser se gesigsuitdrukking of lyftaal sien
- Hou daarvan om voor in die klas te sit
- Hou daarvan om notas te maak in die klas
- Dink in prentjies
- Leer dikwels die beste d.m.v. diagramme, prente, die oorhoofse projektor, video's, ens.

2. Ouditiewe leerders

- Leer deur te luister
- Hou daarvan om in die klas te luister en deel te neem aan besprekings
- Leer deur op te let na stemtoon, stemhoogte en praatspoed
- Baat by hardop lees van teks en die gebruik van 'n bandopnemer.

3. Tas- of kinestetiese leerders

- Leer deur te beweeg, te doen, aan te raak
- Leer deur die wêreld te ondersoek – 'n 'doen'-benadering

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29143/1.1/>.

- Raak rusteloos as hy of sy te lank moet stilsit.

Wat is my Leerstyl?
Aanwysings:

- Tik die blokkies af wat jou die beste beskryf. Die lys met die meeste regmerkies behoort jou dominante leerstyl aan te dui.

Lys 1 – Visuele Leerstyl (Sien)
1. vra dat verbale instruksies herhaal word
2. hou spreker se gesigsuitdrukkings en lyftaal dop
3. neem graag notas om later na te kyk
4. onthou die beste deur feite verskeie male neer te skryf of prente en diagramme te teken
5. spel goed
6. draai radio of TV se klank hard
7. volg nie verbale instruksies nie
8. hou daarvan as inligting visueel voorgestel word (op bord skryf, ens.)
9. kan goed grafieke, kaarte en ander visuele voorstellings maak
10. kan aanwysings op kaarte maklik verstaan en volg
11. glo dat die beste manier om iets te onthou d.m.v. 'n geheuebeeld is
12. volg geskrewe instruksies beter as gesproke instruksies
13. goed met legkaarte
14. hoor dikwels die woorde van 'n liedjie verkeerd
15. goed met visuele kuns (teken, skilder, ens.)

Lys 2 – Ouditiewe Leerstyl (Hoor)
1. volg mondelinge aanwysings beter as geskrewe instruksies
2. sal eerder na 'n lesing luister as om oor 'n onderwerp op te lees
3. verstaan werk beter wanneer dit hardop gelees word
4. sukkel om werkboeke netjies te hou
5. verkies om na die radio te luister eerder as om die koerant te lees
6. sing, neurie, fluit dikwels
7. hou nie daarvan om van 'n gryserige rekenaarskerm af te lees nie
8. kan maklik tussen soortgelyke klanke onderskei
9. benodig die verduideliking van kaarte, grafieke en diagramme
10. geniet om met ander te gesels
11. praat met self
12. gebruik dreunwysies om mee te leer
13. sal eerder musiek luister as na skilderye kyk
14. gebruik dikwels vinger as aanwyser wanneer gelees word
15. vertel graag stories, grappe en vergelykings om 'n punt te illustreer.

Lys 3 – Tas- of Kinestetiese Leerstyl
1. vat dikwels aan voorwerpe
2. versamel goed
3. praat vinnig, met handgebare
4. vroetel gedurig (speel met pen, vroetel met sleutels, ens.)
5. goed in sport
6. haal goed uitmekaar, sit weer aanmekaar
7. verkies om te staan en werk
8. hou van musiek in die agtergrond terwyl daar gewerk word
9. geniet om met hande te werk – goed te maak
10. hou daarvan om kougom te kou - in klas te eet
11. leer deur beweging en ondersoek van wêreld

12. mag as hiperaktief beskou word
13. vind maklik rigting
14. vat maklik aan andere (gee drukkies, ens.)
15. verkies om dinge self te doen eerder as om 'n demonstrasie dop te hou of op te lees in 'n boek

AKTIWITEIT:

[LU 5.1]

1. Wat is jou leerstyl?
2. Watter strategieë (metodes) kan jy gebruik om meer effektief te studeer?

Navorsing van Voorsieners van Fondse vir Studie- en Beroepsdoeleindes

Ná-skoolse (tersiêre) opleiding is baie duur en dikwels is dit die koste wat ons daarvan weerhou om die beroep te beoefen wat ons nog altyd van gedroom het.

Daar is egter maniere om hierdie struikelblok te oorkom. As ons vroegtydig inligting bekom oor watter metodes aangewend kan word om fondse vir studiedoeleindes bymekaar te maak, kan ons onsself en ons ouers baie bekommernisse spaar.

Hier volg 'n paar wenke:

1) Heel eerste moet jy jou eie situasie bestudeer

a) Is daar reeds voorsiening gemaak vir studie? Ouers neem soms studiepolisse uit vir hul kinders om voorsiening te maak vir studie-onkostes. Het jou ouers dit gedoen?

b) Indien jou ouers voorsiening gemaak het, is dit genoeg vir die kursus wat jy van plan is om te volg? Dikwels styg studiekoste so baie dat 'n polis wat 'n paar jaar vantevore uitgeneem is, nie meer genoegsaam voorsiening maak vir die volle koste nie.

c) As jou sake in orde is, het jy geen rede tot verdere kommer nie. As daar egter geen gespaarde fondse is nie, of as die fondse glad nie voldoende is nie, moet jy verdere planne maak. 'n Deeglike opleiding is net té belangrik om sommer oorboord te gooi.

2) Wat kan jy self aan die situasie doen?

a) Jy kan jou studies uitstel en eers gaan werk om geld bymekaar te maak.

b) Jy kan deeltyds studeer en deeltyds werk, sodat jy self kan help om jou studiegelde te dek. Hierdie opsie verg egter baie deeglike kennis van jouself, want dit kos baie selfdissipline om geld te verdien en onafhanklik te voel, maar nog steeds toegewyd te wees om jou tyd en geld vir studiedoeleindes te gebruik. Jy woon nie nou noodwendig klas by nie, óf jy werk 'n gedeelte van die dag en woon lesings by vir 'n ander gedeelte van die dag. Jy moet nou op jou eie besluit hoe om jou tyd te bestuur en by 'n doeltreffende skedule te hou.

c) Jy kan aansoek doen om finansiële hulp om jou studies mee te finansier.

3) Die finansiering van jou studies

Daar is verskillende moontlikhede wat jy kan probeer:

a) *Studiebeurse*

- Dit is finansiële hulp wat aan 'n student toegeken word op grond van uitstekende prestasie.
- Daar is gewoonlik geen werks- of terugbetalingsverpligtings vir die student nie.
- Studiebeurse is meer beskikbaar in sekere studierigtings soos die skeikunde, ingenieurswese en die handelswetenskappe.

b) *Beurslenings*

- Jy kan aansoek doen om 'n beurs.
- Dit is finansiële hulp wat aan 'n student verleen word om homself vir 'n loopbaan te bekwaam.
- Daar word meestal van 'n aansoeker verwag om 'n goeie akademiese rekord te hê en finansieel die hulp regtig nodig te hê.
- Gewoonlik is daar verpligtinge gekoppel aan 'n beurslening. Daar word gewoonlik van die student verwag om vir 'n sekere tyd by die instansie wat die beurs toegestaan het, te werk, of andersins om die bedrag na die voltooiing van studie terug te betaal.

c) *Lenings*

- 'n Lening word deur jou ouers by 'n bank aangegaan.
- 'n Lening word toegestaan op grond van jou ouers se verhouding met die bank waar hulle sake doen.
- 'n Lening moet altyd na voltooiing van studie terugbetaal word.

2.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 5
Oriëntering Ten Opsigte Van Die Wêreld Van WerkDie leerder sal in staat wees om ingeligte keuses oor verdere studie- en loopbaankeuses te maak.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
5.1 die voorsieners van fondse vir studie en beroepe navors;
5.2 eie beroeps- en studiekeuses motiveer;
5.3 krities reflekteer en verslag lewer oor geleenthede in die werkplek;
5.4 regte en verantwoordelikhede in die werkplek bespreek;
5.5 'n plan vir eie lewenslange leer saamstel.

Table 2.1

2.2 Persoonlikheidseienskappe[2]

2.2.1 LEWENSORIËNTERING

2.2.2 Graad 9

2.2.3 MY LOOPBAAN VORENTOE

2.2.4 Module 8

2.2.5 PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Die Motivering van eie Beroeps- en Studiekeuses

Selfkennis

Om die regte keuses te kan maak, het jy deeglike kennis van jouself nodig. Die volgende aspekte omtrent jouself moet noukeurig na gekyk word:

- Persoonlikheid
- Belangstelling
- Aanleg / Vermoë / Vaardighede
- Akademiese profiel (prestasie)
- Waardes

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29137/1.1/>.

Persoonlikheid

Ons persoonlikheid het te doen met ons keuses ten opsigte van hoe ons lewe:

- in die wêreld buite onsself tussen ander mense(sosiaal)
- binne onsself (hoe ons inligting verwerk en besluite neem)
- die tipe omgewing waarin ons die gemaklikste is

- Beoordeel jou eie persoonlikheidstrekke deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak volgens die 4-punt skaal.

- Interpreteer die 4-punt skaal só:

1 – *Glad nie soos ek nie* **3** – *Nogal soos ek* **2** – *Effens soos ek* **4** – *Definitief soos ek*

PERSOONLIKHEID	1	2	3	4
Natuurlik – opreg, nederig, plat op die aarde				
Vasberade – gooi nie maklik tou op nie				
Skaam – vind dit moeilik om met vreemdelinge te praat				
Sistematies – volg 'n plan stap-vir-stap				
Taktvol – doen en sê dinge sonder om ander seer te maak				
Oorredend – kan ander van opinie laat verander				
Verdraagsaam – kan ander se eise hanteer				
Samewerkend – werk maklik in groep				
Begrypend – erken ander se gevoelens en standpunte				
Sosiaal – geniet om saam met ander mense te wees				
Onafhanklik – doen nie dinge om ander te plesier nie				
Dominerend – verwag dat ander sal doen soos jy wil				
'n Volger – doen wat ander graag wil				
Akkuraat – doen dinge die eerste maal reg				
Ambisieus – wil dinge doen en iets bereik in die lewe				
Selfvertroue – glo in en vertrou op jouself				
Impulsief – doen voor jy dink				
Kreatief – het blink idees				
Verantwoordelik – kan besluite neem en gevolge aanvaar				
Aanpasbaar – kan maklik by nuwe omstandighede aanpas				

Table 2.2

[LU 5.2]

Opsomming: Persoonlikheidseienskappe

- Maak 'n lysie van jou persoonlikheidseienskappe. Gee dit nou vir 'n maat wat jou goed ken, en kyk of hy of sy met jou saamstem.

2.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 5
Oriëntering Ten Opsigte Van Die Wêreld Van WerkDie leerder sal in staat wees om ingeligte keuses oor verdere studie- en loopbaankeuses te maak.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
5.1 die voorsieners van fondse vir studie en beroepe navors;
5.2 eie beroeps- en studiekeuses motiveer;
5.3 krities reflekteer en verslag lewer oor geleenthede in die werkplek;
5.4 regte en verantwoordelikhede in die werkplek bespreek;
5.5 'n plan vir eie lewenslange leer saamstel.

Table 2.3

2.3 Belangstelling[3]

2.3.1 LEWENSORIËNTERING

2.3.2 Graad 9

2.3.3 MY LOOPBAAN VORENTOE

2.3.4 Module 9

2.3.5 BELANGSTELLING

Jou belangstelling is die dinge waarvan jy hou en wat jy geniet om te doen. 'n Mens se skoolvakke behoort te bestaan uit die vakke waarin jy geïnteresseerd is.

- Vul die vrae in die **belangstellingsvraelys** in deur gebruik te maak van die volgende skaal:

Ek het *geen* belangstelling daarin nie **1**
Ek het 'n *effense* belangstelling daarin **2**
Ek het 'n *redelike* belangstelling daarin **3**
Ek het 'n *baie* **sterk** belangstelling daarin **4**

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29134/1.1/>.

BELANGSTELLING	4	3	2	1
Tale:				
om ‘n vreemde taal te praat				
om ‘n goeie kortverhaal te kan skryf				
om ‘n vreemde taal te kan lees				
Wiskunde:	4	3	2	1
om akkurate bewerkings met syfers te doen				
om syferprobleme op te los				
om iets met behulp van syfers te bewys				
Skeinat:	4	3	2	1
om chemiese eksperimente te doen				
om uit te vind hoe elektrisiteit werk				
om eksperimente met magnete te doen				
Biologie:	4	3	2	1
om ‘n plant onder ‘n mikroskoop te bestudeer				
om ‘n padda te dissekteer				
om die name van al die spiere in die liggaam te leer				
Geskiedenis:	4	3	2	1
om van Napoleon te leer				
om die terrein van ‘n bekende veldslag te besoek				
om meer te wete oor ons volkshelde te kom				
Aardrykskunde:	4	3	2	1
om weervoorspellings beter te verstaan				
om meer te wete oor vreemde lande se landbou te kom				
om meer te lees oor die hemelruim				
Bybelkunde:	4	3	2	1
om uit te vind hoe die Bybel geskryf is				
om oor die geskiedenis van Jerusalem te lees				
om meer oor die ou profete te wete te kom				
Handel:	4	3	2	1
om te weet wat inflasie is				
om rekeningkundige bewerkings te doen				
om uit te vind hoe ‘n mens ‘n wins kan maak				

Table 2.4

Sekretarieel:	4	3	2	1
om sekretariële werk te doen				
om akkurate en vinnige tikwerk te doen				
om ‘n tikmasjien of rekenaar te versorg				
Landbou:	4	3	2	1
om te leer hoe om diere in te spuit				
om ‘n land reg te ploeg				
om bome te snoei				
Huisvlyt:	4	3	2	1
om meer oor klere-ontwerp te wete te kom				
om heerlike disse voor te berei				
om huise te versier				
Musiek, Kuns, Drama:	4	3	2	1
